
# Geloof-speelboek



Bybelstories oorvertel deur Nico Simpson
Aktiwiteite en illustrasies deur Aletta Simpson

# Voorwoord

Die *Geloof-speelboek* is vir kinders wat wil skep, speel en leer. Die aktiwiteite, prente en stories saam herinner kinders aan wat ons glo. Dit is 'n wonderlike manier om met kinders oor die Bybel te gesels. Die aktiwiteite help hulle om die stories wat hulle hoor, te onthou.

Al die aktiwiteite is só ontwerp dat kinders van 4-8 jaar oud dit met min toesig en hulp self sal kan doen. Daar is dikwels geen voorbereiding nodig nie. Natuurlik verskil kinders, maar die meeste sal hierdie aktiwiteite van jongs af geniet. Party sal dalk net meer hulp as ander nodig hê.

By elke aktiwiteit is daar 'n lys van alles wat die kinders sal nodig hê. Byna alles sal reeds in die huis wees of is baie goedkoop om te koop. Stap-vir-stap-riglyne en prentjies help die kinders om die aktiwiteite te doen. Die kinders kan dit wat hulle maak selfs vir iemand as 'n geskenk gee.


Die aktiwiteite is nie kunsprojekte nie, maar iets prettig om te doen. Boonop sluit dit aan by die Bybelstorie wat by elke aktiwiteit vertel word. Die aktiwiteit lê die boodskap van die Bybelstorie vas.

Ouers kan die Bybelstories lees of oorvertel terwyl die kinders die aktiwiteite doen, of hulle kan eers die aktiwiteit doen en daarna na die storie luister. Ouer kinders kan die stories self lees. Die Bybelstories anker die aktiwiteite in ons geloofstradisie.

Geniet die familietyd saam rondom die Bybelstories en prettige aktiwiteite.



# Riglyne vir volwassenes



Die *Geloof-speelboek* is spesiaal ontwikkel vir ouers wat kinders reeds van 'n baie jong ouderdom op 'n prettige manier aan die Bybel en Jesus-verhale wil blootstel. Dit is ook 'n uitstekende hulpmiddel vir enige volwassenes wat met jong kinders werk.

Die *Geloof-speelboek* is vir kinders van 4–8 jaar oud ontwikkel. Dit bevat aktiwiteite wat hulle verbeelding ontsluit, hulle denke ontwikkel en hulle hande vaardig maak.

In die *Geloof-speelboek* is daar 24 aktiwiteite. By elke aktiwiteit is daar 'n lys van alles wat die kinders sal nodig hê om die aktiwiteite te doen. Met die hulp van stap-vir-stap-riglyne en prentjies kan die kinders gou wegspring.

Partykeer sal dit nodig wees dat 'n volwassene voor die tyd vir baie jong kinders verduidelik wat hulle moet doen. Die meeste aktiwiteite vra egter net dat 'n volwassene die kinders sal help om alles wat hulle nodig het bymekaar te kry, sal toesig hou en ná die tyd sal help opruim.

Volwassenes kan die aanwysings voorlees vir kinders wat nog nie self kan lees nie. Dit help as die kind die stappe verstaan en die aktiwiteit reg begin. Dit is egter ook belangrik om die kinders te los om self die aktiwiteit te geniet en te voltooi. Begelei hulle slegs wanneer hulle regtig vashaak.

By elke aktiwiteit is daar 'n Bybelstorie wat oorvertel word. Die idee is nie om hierdie aktiwiteitsboek te gebruik vir "prekies" oor die lewe nie. Dit is eerder die begin van 'n band wat tussen die kinders en die Bybel kan ontwikkel. Volwassenes kan die stories voorlees, of ouer kinders kan die stories self lees. As die kinders vrae wil vra, kan julle verder gesels oor die Bybel en wat dit ons leer.

Die doel van die *Geloof-speelboek* is om jong kinders en volwassenes te laat speel en gesels en 'n hegter verhouding te bou. Dit is nie so belangrik om die aktiwiteite presies reg te voltooi nie. Moenie die vreugde van julle tyd saam, van saam lag en saam speel verloor nie.

Die *Geloof-speelboek* kan ook vir Bybeltyd op skool en by kleuterkerk-byeenkomste gebruik word.


# Wenke vir kinders




❶ Vra altyd 'n grootmens om jou te help, veral wanneer jy met 'n skêr moet knip.





❷ Jy kan draaikryte, inkleurpotlode of vetkryte gebruik om in te kleur.






❸ Kouelym en gomstokkies werk die beste wanneer jy iets moet vasplak.






❹ Jy hoef nie die kleure te gebruik wat voorgestel word nie. Speel met al die kleure van die reënboog.








**5** As jy wil hê jou verf of kouelym moet vinniger droog word, gebruik 'n haardroër.



**6** As jy 'n stewiger eindproduk wil hê, gebruik karton in plaas van papier.



**8** Aangemaakte akrielpoeierverf en waterverf werk baie goed. Maak seker die verf is veilig vir kinders om te gebruik.

**7** As jy wil, kan jy altyd jou projekte opkikker met blinkertjies of plakkers.





**9** 'n HB-potlood word voorgestel, maar enige gewone grys potlood kan werk.

**10** Wees geduldig terwyl jy knip, plak, inkleur of verf.

**11** Onthou, die eindproduk is nie die belangrikste nie. Geniet ook die stories en wat dit jou leer terwyl jy die aktiwiteite doen.

❶


# Die skepping

## Wat jy nodig het

- Vetkryte
- 'n Vel papier
- Een groot blaar, of 'n paar kleiner blare
- Koerantpapier


## Só maak jy

❶ Sit die blaar op die koerant-papier op 'n tafel neer.





❷ Sit die vel papier bo-op die blaar neer.



❸ Kleur die papier met vetkryte in en kyk hoe die blaar verskyn.



## Storie

Aan die begin het God die aarde gemaak. Toe het God plante en blomme en bome en blare gemaak om die aarde mooi te laat lyk. Die bome gee ook vir ons suurstof om in te asem en vrugte om te eet. Wanneer ons na 'n blaar kyk, sien ons God het alles baie goed gemaak. God sorg vir alles op die aarde. God sorg ook vir ons.

# 2 Speelklei

## Wat jy nodig het

- 2 koppies koekmeel
- 2 koppies water
- 2 eetlepels kookolie
- 4 teelepels kremetart
- 1 koppie sout
- 2 teelepels koekkleursel

## Só maak jy





1. Verhit al die bestanddele saam op die stoof.
2. Roer dit totdat die mengsel soos klei raak.








3. Brei die klei goed deur.
4. Moenie meer as een mengsel gelyk aanmaak nie.











## Storie

Nadat God die son en die maan gemaak het, het Hy al die plante en die diere gemaak. Toe het God klei uit die aarde geneem en die mens gemaak. Die mens moes God se verteenwoordiger op aarde wees. God het sy asem in die mens geblaas en die mens het lewend geword. God het die mens Adam genoem.

❸

# Papierbord-duif


## Wat jy nodig het

- Kleurkryte
- 'n Liniaal
- 'n Papierbord
- 'n Skêr
- Een vel papier
- Gom


## Só maak jy




❶ Teken die vlerke en die lyf van die duif met die potlood op die papierbord.




❷ Teken die duif se kop op die papier en knip dit uit.




❸ Knip die duif se lyfie en vlerke met die skêr uit.




❹ Teken vir die duif 'n gesiggie met jou kleurkryte.



❺ Plak al die dele aan mekaar vas met die gom.





## Storie

Ná baie dae op die water wou Noag en sy mense graag by die ark uitgaan. Hulle het egter nie geweet of daar al land onder die water uitgekom het nie. Noag laat toe 'n duif by een van die ark se vensters uitvlieg. Hulle het gewag en gewag. Drie dae later het die duif teruggekom met 'n olyftakkie in sy bek. Toe weet Noag en sy familie God het hulle veilig gehou. Alles sou goed uitwerk.


❹

# Noag se ark

## Wat jy nodig het

- 'n HB-potlood
- Kleurkryte
- 'n Liniaal
- 'n Papierbord

## Só maak jy



❶ Trek 'n lyn in die middel van die papierbord met die potlood en liniaal.

❷ Teken 'n huisie en 'n reënboog in die boonste helfte van die papierbord met die potlood.

❸ Kleur die prentjie nou met helder kleurkryte in.





## Storie

Dit het 40 dae en 40 nagte lank gereën. Die hele aarde was later toe onder die water. Noag en sy familie het baie lank gewag voordat die aarde weer droog genoeg was. Toe het hulle uit die ark geklim. God het ’n pragtige reënboog in die lug gemaak. Die reënboog was rooi, oranje, geel, groen, blou en pers. God het hierdie reënboog gestuur om vir Noag en sy familie te sê God het hulle baie lief.


5

# Die toring van Babel

## Wat jy nodig het

- 2 Eierboksies
- 'n Skêr
- 'n Verfkwas
- Verf

## Só maak jy





1 Knip die eierboksies se bakkies van mekaar af los met die skêr.

2 Verf die buitekant van die bakkies met verskillende kleure verf.

3 Wag totdat die bakkies droog is.

4 Gebruik nou die bakkies as boublokkies vir jou toring van Babel.








## Storie

Nadat God mense gemaak het, het hulle van God vergeet. Die mense het begin dink hulle is net so belangrik soos God. Toe besluit hulle om 'n toring te bou waarmee hulle tot in die hemel kon klim. God het gesien wat die mense doen. Toe laat God al die mense verskillende tale praat. Die mense kon mekaar nie meer verstaan nie. Daarom kon hulle nie die toring klaar bou nie.

# Geloof-speelboek



Die *Geloof-speelboek* is vir kinders wat wil skep, speel en leer.

Die kort Bybelstories en aktiwiteite saam is 'n wonderlike manier om met kinders te gesels oor wat ons glo.

Al die aktiwiteite is só ontwerp dat kinders van 4-8 jaar oud dit met min toesig self sal kan doen. By elke aktiwiteit is daar 'n lys van alles wat die kinders sal nodig hê. Stap-vir-stap-riglyne en prentjies help hulle om die aktiwiteite te voltooi.

Ouers kan die Bybelstories lees of oorvertel terwyl die kinders die aktiwiteite doen, of hulle kan eers die aktiwiteit doen en daarna na die storie luister. Ouer kinders kan die stories self lees.

Die *Geloof-speelboek* kan ook vir Bybeltyd op skool en by kleuterkerk-byeenkomste gebruik word.

Geniet julle tyd saam rondom die Bybelstories en prettige aktiwiteite.

ISBN 978-1-920089-99-3
9 781920 089993

BM Bybel-Media
jeugfokus

www.bybelmedia.org.za